



Versoeking en die bouse

Ons as mense se swakheid kom in geen ander bede so op die voorgrond as juis in hierdie bede nie. Menslike swakheid en die gevaar waarin ons verkeer word deur hierdie bede aangespreek. Ons word teruggevoer na daardie eerste swakheid, daardie oomblik toe die mens se begeerte tot grootheid gelei het tot sy val. Op daardie oomblik het die broosheid van die mens duidelik gewys. Die eerste versoeking was 'n verleiding wat tot die sondeval en die dood aanleiding gegee het.

Indien ons aanvaar dat Jesus met sy dissipels in Aramees gekommunikeer het, moet ons aanvaar dat die Griekse weergawe in die Evangelies in lyn of ten minste met inagneming van die Septuaginta (Griekse vertaling van die Ou Testament) geplaas is. Wat die Griekse teks betref, is daar 'n klein verskil tussen die twee Evangelies: **Matteus 6:13** (Grieks) *και μη εισενεγκης ημας εις πειρασμον αλλα ρυσαι ημας απο του πονηρου* (Latyn) *et ne inducas nos in temptationem sed libera nos a malo*. "en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bouse". **Lukas 11:4** (Grieks) ... *και μη εισενεγκης ημας εις πειρασμον*. (Latyn) ... *et ne nos inducas in temptationem*.

Ons moet daarop let dat die bede rondom verlossing van die bouse in die Lukas weergawe net in die *textus receptus* voorkom en nie in die manuskrip wat vir die 1983-vertaling gebruik is nie.

Versoeking

Die vertaling van hierdie gedeelte is van groot belang. 'n Verkeerde vertaling kan die indruk skep dat dit God is wat die mens verlei om die verkeerde te doen. Die vertaling van die woord *πειρασμον* word medebepaal deur die konteks. Dit kan onder andere beteken versoeking of toetsing. Die vraag is of dit nie dalk albei kan impliseer nie. Wat betref versoeking moet ons ons eie toestand in die oog hou.

Een saak staan vas, God is goed, God is nie die outeur van die kwade nie, intendeel God versoek ons nie. Jakobus 1:12 – 15 – *12 Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet. Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God versoek" nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.*

God se wil het met ons saligheid te make. Dit beteken dat God se interaksie met ons nie van so 'n aard kan wees dat dit lei tot ons ewige dood nie. God is goed en doen net goed. Indien ons aanvaar dat sonde deel van ons wese is, beteken dit dat versoeking integraal deel van ons bestaan is. Hoe kan so 'n bede teen

die sondige agtergrond verstaan word? Ons lees in Job 7:1 "Is 'n mens se lewe op aarde nie maar harde arbeid nie, en sy dae soos dié van 'n dagloner nie?"

Die Vulgaat vertaal die Hebreëuse צבא (wat verwys na moeite of militêre veldtog) met die woord *πειρατηριον* wat verwys na versoeking. Die vraag is of ons ooit sonder versoeking kan wees, of ons ooit kan dink dat ons in sekere tye (ouderdom) of plekke (kerk) sonder versoeking is?

Ons lees in die Heidelbergse Kategismus dat daar gestel word: *Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal.* Ons is met ander woorde omring deur vyande, is self ons eie vyand in die stryd teen versoeking en sonde.

Indien ons erken dat ons sondaars is en dat ons telkens versoek word, beteken hierdie bede eerstens dat die gelowige God vra om die mens so te lei dat die minimum versoekinge op sy pad kom.

Dit impliseer dat die gelowige onderneem om te veg teen die versoekinge van die lewe. Ons bestaan as een vol versoekings is geen regverdiging vir ons geneigdheid om te swig nie, ons toestand moet ons eerder motiveer om daagliks met nuwe krag en ywer daarteen te stry. Die eerste tree op hierdie pad is God te vra om ons by te staan. Hierdie bede kan

nie gevolg word deur optrede wat ons plaas in situasies waar daar meer versoekings is nie.

Toetsing

I Petrus 1: 6-7 stel: *"Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus."*

Ons bede dat God ons nie in versoeking moet laat kom nie, kan daarna verwys dat ons nie getoets wil word nie, gedagtig aan ons eie swakheid. Dit verwys veral na die begeerte dat ons geloof nie getoets moet word nie.

Ons word soms getoets om so sterker gemaak te word of gelouter te word. God bring nie hierdie toetse op ons pad nie, Hy laat dit toe. Die bede dat God ons nie sal toets nie, is gelyk ook 'n erkenning van eie swakheid en daarom die bede om God se hulp in ons stryd teen die bose.

Ons lees in die Doopformulier dat God alle kwaad van ons afweer of ons ten goede laat meewerk. Romeine 8:28 verklaar: *"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is."* Ons kan met ander woorde versoeking in 'n nuwe lig sien. Versoeking kan as toetsing verstaan word, as geleentheid om te groei en nader aan God te beweeg. Ons kan lewe met die gerustheid in ons harte

dat God elke nuwe situasie so sal stuur dat dit tot ons beswil geskied.

Bose

Daar is verskillende name wat aan die bose gegee kan word. Die spektrum van perspektiewe ten opsigte van die saak is wyd. Diegene wat die bestaan van die duiwel verwerp en diegene wat die satan as 'n persoonlike bedreiging in hulle eie lewens ervaar stem oor een saak saam. Die bose bestaan – persoonlik of as werklikheid - en tas die mens se bestaan en kwaliteit van menswees aan.

Die feit dat Jesus hierdie woorde insluit in die modelgebed, dui daarop dat die bose 'n vernietigende rol in ons lewens kan speel. Dit is ook opmerklik dat die bede om beskerming teen die bose gekoppel word aan die versoekinge van die lewe. Die bose is nie net 'n versoekende krag in ons bestaan nie. Die bose is ook 'n vernietigende mag wat menswees vernietig en vreugde versmoor.

Ons kan self niks doen om die bose teen te staan en te vernietig nie, daarvoor is ons te vasgevang in ons sonde. Juis daarom is die bede dat ons van die bose verlos sal word. Ons erken met ander woorde dat ons nie uit eie mag en oorweging die bose kan aanvat nie. Dit is God wat ons verlos van hierdie vernietigende, brullende leeu in ons midde.

Die bede dat ons nie in versoeking moet kom nie en van die bose verlos moet word, is 'n smeekgebed wat van God vra om ons te bewaar van 'n lewenspad wat besaai is met hierdie gevare.

Ten slotte kan ons net herhaal wat gestel is by die bespreking van die

bede om daaglikse brood: *“Gebed kan nooit 'n manipulasie instrument wees waarmee ons God beweeg om ons te voed nie. Met gevoude arms gaan ons verhonger.”* In hierdie konteks beteken dit dat ons uitspreek van die bede rondom versoeking en die bose nie alle verantwoordelikheid op God plaas om die saak te bestuur nie. Sonder die wil en toewyding om vas te staan te midde van versoeking, sonder die doelbewuste keuse om die bose te vermy, is ons bede ydel woorde in napraat van Jesus se woorde.

Sy stryd in die woestyn, sy stryd deur sy openbare bediening, en veral sy stryd in Getsémané, dien tot ons voorbeeld van hoe om hierdie bede uit te lewe.